

Book Reviews

Boekresensies

'n Welkome Toevoeging tot die Khoisan-Erfenisreeks

Jeremy C. Hollmann (ed), *Customs and Beliefs of the /Xam Bushmen*

Wits University Press, Johannesburg, 2005

439 pp

Soft cover

ISBN 1 86814 399 6

R295.00

Hierdie ryklik geïllustreerde publikasie is die vyfde volume in die Khoisan-Erfenisreeks van die Universiteit van die Witwatersrand, gepubliseer onder leiding van die bekende rotskunskenner, David Lewis-Williams. Die publikasie bestaan uit twee dele. Die eerste hiervan is 'n versameling van San-vertellings wat in die laat negentiende eeu in Kaapstad opgeteken is en meer as sewentig jaar gelede in die tydskrif *Bantu Studies* verskyn het. Die tweede gedeelte bestaan uit die San (/Xam)-grammatika wat in 1928 en 1929 deur Dorothea Bleek gepubliseer is.

Die San-tale van Suid-Afrika (waarvan daar 'n menigte was), is almal deel van die !Kwi-groep van die San-taalgroep van Suider-Afrika. Die !Kwi-tale het uit drie of vier groepe bestaan, waarvan die vernaamste groep die /Xam van die Suidkaap was. Van die San-tale in Suider-Afrika weet ons vandag relatief min – anders as van die Khoikhoi, waarvan daar weens hulle Nama- en Griekwanasate heelwat meer behoue gebly het. As gevolg van tragiese omstandighede, het die San-tale teen die einde van die negentiende eeu effektief uitgesterf. Hierdie omstandighede het die vestiging van witmense aan die Kaap ingesluit, asook die snelle besetting van die binneland as gevolg van die veeboer-trekboerbeweging na 1700. Na verskeie militêre konflikte, het die Kompanjie met 'n resoluë van 1777 die totale uitwissing van die San as oplossing vir die “Boesman-probleem” gesanksioneer. Van die begin af is die San as sub-menslike wesens beskou en hulle taal as bisar, onuitspreeklik en onaanleerbaar. Om dié redes het die Kompanjie so vroeg as 1663 besluit dat die amptelike beleid sou wees dat die San Hollands moes aanleer en nie andersom nie. Drie epidemies pokke, waarteen die San geen natuurlike weerstand gehad het nie, het hulle lot (en dié van hulle taal) gedurende

die agtiende eeu verseël. Bydraend tot die ondergang van die San, was hulle verhouding met die suidwaarts-bewegende swart volkere en Khoikhoi, wat deur gereelde konflik gekenmerk is. In sy inleiding tot die 1911-publikasie van Bleek en Lloyd, *Bushmen Folklore*, omskryf George McCall Theal hierdie verhouding soos volg:

By the Hottentots and the Bantu the Bushmen were regarded simply as noxious animals, and though young girls were usually spared and incorporated in tribes of their captors to lead a life of drudgery and shame, all others who could be entrapped or hunted down were destroyed with as little mercy as if they had been hyenas.

Die verhaal agter die boek onder bespreking strek so ver terug as 1855, toe die Kaapse goewerneur, sir George Grey, asook biskop Colenso die filoloog Wilhelm Bleek versoek het om na Suid-Afrika te kom om Colenso te help met die saamstel van 'n Zoeloe-Engelse woordeboek. Na afloop van hierdie projek, het Bleek hom in Kaapstad gevestig en die pos as Grey se amptelike tolk beklee. Ook moes hy Grey se persoonlike biblioteek en geskrifte organiseer. In 1862 is Bleek met Jemima Lloyd getroud. Haar suster, Lucy Lloyd, het haar kort hierna by die huishouding aangesluit. In hierdie tyd het Bleek met /Xam-sprekers op Robbeneiland en in die gevangenis in Kaapstad kennis gemaak. Uiteindelik het hy met 28 /Xam-sprekers kontak gehad en met die goedkeuring van die owerhede ene //Kabbo tussen die jare 1871 en 1873 by sy huishouding laat inwoon. //Kabbo en sy nabye familie het Bleek en Lucy Lloyd in staat gestel om die /Xam-taal op papier neer te pen. Bleek is in 1875 oorlede en sy werk is deur Lloyd voortgesit. Dit het in 1911 gekulmineer in die publikasie *Specimens of Bushmen Folklore*. Na Lloyd se dood in 1914, is die werk deur Bleek se dogter Dorothea (1873-1948) voortgesit. Sy het elke geleentheid aangegryp om die werk van haar pa en tante te publiseer. Haar waardevolle werk *Bushmen Dictionary*, wat agt jaar na haar dood in 1956 gepubliseer is, was die kulminering van 'n projek wat deur haar pa en tante begin is.

Die Bleek-versameling bestaan vandag uit ongeveer 12 000 bladsye en is in besit van die Jagger-biblioteek, Universiteit van Kaapstad. Dit bestaan uit poësie; prosa; mondelinge oorleweringe; geskiedenis van mense en plekke, volksgebruike en verhale van uiteenlopende aard. Die waarde hiervan is onbeskryflik: dit verteenwoordig die enigste substansiële rekord van 'n San-taal in Suid-Afrika. Die taal is foneties neergeskryf en in gevalle waar Europese fonetiese skrif nie simbole vir die vreemde klapklanke van die /Xam-taal gehad het nie, het Bleek en Lloyd self simbole geskep. In 1910 het Dorothea Bleek ook

Book Reviews

opnames van die /Xam-taal op primitiewe wassilinders vasgelê. Dit word tans met die hulp van Lotto-befondsing getranskribeer en oorgeklank (*Sunday Tribune*, 2006-04-09, p 18).

Jeremy Hollmann, redakteur van *Customs and Beliefs of the /Xam Bushmen*, is as navorser aan die Rotskuns Instituut van die Universiteit van die Witwatersrand verbonde. Met sy kennis van twintigste-eeuse Kalahari Boesmans, poog hy om insig te gee in die /Xam-tekste en dit meer toeganklik vir die breër publiek te maak. Hierdie werk is 'n belangrike toevoeging tot die kennis van die San se tale en volksgebruike en die publikasie van hierdie primêre tekste, wat in dieselfde kategorie as John Wright se *James Stuart Archives* val, word meer as verwelkom.

Albert van Jaarsveld
Departement Erfenisstudies
Universiteit van Zoeloeland